NWU®

Sentrum vir Onderrig en Leer

# VERKLARING VAN **OORSPRONKLIKHEID**

Klem word gelê op integriteit en etiese gedrag in die voorbereiding van alle skriftelike werk wat vir akademiese evaluering ingedien word.

**Kopiëring** van teks van ander leerders of uit ander bronne (byvoorbeeld die studiegids, voorgeskrewe studiemateriaal of direk vanaf die internet) is **ontoelaatbaar** – net kort aanhalings is toelaatbaar en slegs indien dit as sodanig aangedui word.

U moet bestaande teks **herformuleer** en u **eie woorde** gebruik om te verduidelik wat u gelees het. Dit is nie aanvaarbaar om bestaande teks/stof/inligting bloot oor te tik en die bron in 'n voetnoot te erken nie – u behoort in staat te wees om die idee of begrip/konsep weer te gee sonder om die oorspronklike skrywer woordeliks te herhaal.

Die doel van die opdragte is nie die blote weergee van bestaande materiaal/stof nie, maar om vas te stel of u oor die vermoë beskik om bestaande tekste te integreer, om u eie interpretasie en/of kritiese beoordeling te formuleer en om 'n kreatiewe oplossing vir bestaande probleme te bied.

**Wees gewaarsku: Studente wat gekopieerde teks indien sal 'n nulpunt vir die opdrag ontvang en dissiplinêre stappe mag deur die Fakulteit en/of die Universiteit teen sodanige studente geneem word. Dit is ook onaanvaarbaar om iemand anders se werk vir hulle te doen of iemand anders in staat te stel om u werk te kopieer – moet dus nie u werk uitleen of beskikbaar stel aan ander nie!**

## Verklaring

1. Ek verstaan wat plagiaat is en is bewus van die Universiteit se beleid in hierdie verband.
2. Ek verklaar dat dit my eie oorspronklike werk is. Waar ander mense se werk gebruik is (van 'n gedrukte bron, internet of enige ander bron), is dit behoorlik erken en verwys in ooreenstemming met departementele vereistes.
3. Ek het nie werk gebruik wat voorheen deur 'n ander student of enige ander persoon vervaardig is om as my eie in te dien nie.
4. Ek het nie toegelaat nie, en sal nie toelaat dat iemand my werk kopieer met die doel om dit af te skryf as sy of haar eie werk nie.

____________________________ ____________________

HANDTEKENING DATUM